Volume 11 2007 ISSN 1683-1713

# REKNUUS

Algemene nuusgids van die Departement Rekeningkunde

## Welkom aan ons eerste 'Thuthuka-20'!



Ons het in die vorige uitgawe van Reknuus berig oor hoe die Departement daarna uitsien om sy eerste groep Thuthuka-studente in 2007 te verwelkom. Thuthuka is ´n transformasie-inisiatief van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) wat daarop gemik is om voorheen-benadeelde leerders in skole aan te moedig om ´n loopbaan in die geoktrooieerde rekenmeestersveld te volg. Die Departement Rekeningkunde se Thuthuka-program fokus veral op Afrikaanssprekende studente uit die bruin bevolkingsgroep. Proff Kobus van Schalkwyk en Pieter von Wielligh lei die program, terwyl mnr Riaan Rudman die dag-tot-dag-bestuur behartig.

Die Departement se eerste 20 eerstejaar Thuthuka BRek-studente, alombekend as die 'Thuthuka-20', het in 2007 met hul studies begin. Die doelwit is om vanaf 2008 jaarliks 50 nuwe eerstejaar BRek-studente in die Stellenbosch Thuthuka-program te verwelkom. Die studente word saam gehuisves om ´n samehorigheidsgevoel en wedersydse ondersteuning aan te moedig.

Die akademiese jaar het met ´n verwelkoming vir die studente en hul ouers afgeskop, gevolg deur twee weke van jool-aktiwiteite wat aan die studente die geleentheid gebied het om mekaar te leer ken.

Gedurende die eerste semester het die studente aan verskeie van die transformasie- en gehalte-inisiatiewe van die Departement deelgeneem, waaroor ons in ´n vorige uitgawe van die Reknuus berig het. Benewens akademiese hulpprogramme, het die studente doelgerigte modules in lewens- en werkplekvaardighede bygewoon wat deur die Universiteit en ouditeursfirmas gesamentlik aangebied is. ´n Strawwe eerste semester het met ´n spanbougeleentheid afgesluit waar die studente onder andere ´n Thuthuka-liedjie gekomponeer het en ´n bordspeletjie wat op rekeningkundige beginsels gebaseer is, ontwerp het.

Die studente het ook in 2007 aan verskeie gemeenskapsinteraksieprojekte deelgeneem, wat wissel van vrywillige welwillendheidswerk tot die toepassing en oordrag van hulle nuutontwikkelde rekeningkundige kennis in hulle tuisgemeenskappe. Hulle het ook oor dié projekte verslag gedoen. Op kampus is hulle by verskeie projekte, sportsoorte en vereenigings betrokke.

Van die studente het ´n gedeelte van die Junie-vakansie opgeoffer om saam met ´n groep ander universiteitstudente uit die Wes-Kaap op te tree as groepleiers by die *Departement van Wetenskap en Tegnologie/Thuthuka Wiskunde en Wetenskap Ontwikkelingskamp.* Die doel van die kamp was onder andere om Graad 11- en 12-leerders van verskeie skole in die Wes-Kaap vir hul eksamens voor te berei. Die studente het as rolmodelle opgetree deur hulle ondervinding van die universiteitslewe en die verskillende vakke met die leerders te deel. Die kamp is deur die SAIGR gereël, en dit was die Thuthuka-studente se verantwoordelikheid om die daaglikse aktiwiteite by die kamp te beplan en te bestuur.

Aan die einde van die derde kwartaal het die SAIGR ´n Thutuka-sportdag in George gehou. Dit was ´n multisport-kompetisie tussen rekeningkunde-studente van die vier kusstreek-universiteite wat aan die nasionale Thuthuka-projek deelneem. Die doel was om die studente toe te laat om met ander studente van deelnemende universiteite te netwerk en verskeie belangrike rolspelers in die rekeningkunde-professie te ontmoet. Stellenbosch het die beste gees gehad en het die sangkompetisie gewen. *Vervolg op bladsy 2.*

Hierdie bladsy is geborg deur

RADEMEYER WESSON

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) Chartered Accountants (SA)

Tygerforum A · 2de Vloer / 2nd Floor · 53 Willie van Schoorrylaan / Avenue · Bellville · 7530
Posbus / P O Box 5700 · Tygervallei / Tygervalley · 7536
+27 (0)21 914 8880 · +27 (0)21 914 8881 · info@radwes.co.za · www.rademeyerwesson.co.za

## WELKOM AAN ONS EERSTE 'THUTHUKA-20'! *(Vervolg vanaf bl. 1)*



*Bo is die Departement se Thuthuka-studente tydens die sportdag. In die middel staan me Chantyl Mulder (SAIGR Senior Uitvoerende Beampte: Transformasie) (links) en me Gugu Makhanya (SAIGR Projekdirekteur: Transformasie) (regs)*



Aanvanklik het ses akademiese klerke in 2007 by die Departement begin werk. Mnr Johann Hunter, mnr Borg Sauber en me Birte Schneider het reeds die diens verlaat om ander verpligtinge na te kom. Hier is (van links) me Jorina Engelbrecht, mnr Eduard Pienaar en me Bronwyn Millar. Al ses het die graad BRek(Hons) in 2006 aan die US voltooi.

Aangesien van die Thuthuka-studente vereis word om vanaf hulle tweede jaar op universiteit gedurende minstens een universiteitsvakansie vakansiewerk te doen, sal dit ´n verdere deel van hierdie inisiatief uitmaak wanneer ons eerste inname aanbeweeg na hul tweede jaar in 2008.

´n Insetsel oor die Stellenbosch Thuthuka-program is vroeër vanjaar op ´n landwye radiostasie, RSG, uitgesaai.

Vir meer inligting oor die Stellenbosch Thuthuka-program, besoek gerus ons webwerf by http://www.sun.ac.za/accounting/thuthuka.html

### Prof Olivier heraangestel

Prof Pierre Olivier (regs) is in 2007 vir ´n tweede termyn tot Mededekaan: Beroepsrade van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel. Hy is onder meer verantwoordelik vir akademiese beplanning en ontwikkeling van die onderrigprogramme in die fakulteit waar daar statutêre vereistes bestaan en waar onderrig onder toesig van beroepsrade plaasvind. Hy is ook in 2007 heraangestel as Voorsitter van die Departement Rekeningkunde.



Research Solutions

Q: Do you need the most current accounting information?

A: LexisNexis 2008 Accounting textbooks

Our brand new 2008 editions offer the most comprehensive, up-to-date information from trusted sources you can rely on.

- Information Systems in the SA Business Environment 4ed
- SAICA Members Handbook 2007/2008
- SAICA Ledehandboek 2007/2008
- Illustrative GAAP 2008
- GAAP: Graded Questions 7ed
- Gripping GAAP 9ed
- Managerial Accounting 4ed
- Questions in Managerial Accounting and Finance 5ed
- Financial Accounting for NHC Students

**For more information or to order the above or any of our knowledge-based solutions visit or contact 0860 765 432**

Thinking of prescribing a LexisNexis textbook? Contact Rani Munthree to order an inspection copy
Tel: 011 245 6508
Fax: 0866 888 665
Email: www.lexisnexis.co.za

KNOWLEDGE-BASED SOLUTIONS
Risk Management Research Solutions Compliance & Training

LexisNexis®



ISSN 1683-1713